
# J.C. VAN ROOY – A.F. HOLSTERS

*Nie in die handel nie*


Johannes Cornelis van Rooy


Anne Francoise Holsters

# J.C. VAN ROOY – A.F. HOLSTERS

***ETAT - CIVIL.***

***VILLE DE BRUXELLES.***

*Nous, soussigne, officier de l'Etat-Civil declarons et cerifions que*

*Jean Corneille van Rooy*

*ne à Huisseling le 2 9bre 1824*

*et*

*Anne Francoise Holsters*

*nee à Bruxelles le 31 Xbre 1834*

*ont cantracté Marriage* ce *jourd'hui pardevant nous.*

*Delivre a l'Hotel de Ville le vingt et un Mars 1855.*
*(geteken) De Danathy.*

So lui die huweliksbewys van ons Vader, Johannes Cornelis van Rooy, seun van Hendrik van Rooy en Clara Kuipers, gebore naby 's Hertogenbosch, dus Nederlander - en ons moeder Anna Francina Holsters, dogter van Charles Holsters en Petronella de Gieter, Vlaams van geboorte; albei; sowel, van vaders as van moeders kant van suiwer "Dietschen bloede", al het hulle gewoonlik met mekaar Frans gepraat.

Die doel van hierdie kort lewensskets is meer dan net om die nuuskierigheid van die kleinkinders wat daarna vra, te bevredig; dit is om hulle almal te laat besef dat hulle verbondskinders is, vir wie bindende beloftes afgelê is voor God, en aan wie op hulle beurt dure verpligtings opgelê is.

Hierby pas beskeidenheid, ja, kinderlike piëteit, want ons ouers was ware gelowiges wat met woord en daad getuig het alleen van die onverdiende genade van God in Christus, wat min van hulle self gepraat het en nog minder van hulle gepraat wou hê.

## Iets van Pa se Jeug

Sover ons weet was Pa se familie van gewone boerestand en is hy self van geboorte "buitensteedsch", hoewel opgegroei vlak by en in 's Hertogenbosch, 'n Roomse stad kan mens sê. Hy was die jongste van sewe kinders (5 dogters en 2 seuns); maar twee jaar oud toe sy vader gesterf en die weduwee-moeder onbemiddeld agtergelaat het. Uit later berigte van vriende blyk dit dat sy susters maar self moes verdien, al het sy broer, Machiel, 'n eie boerderytjie aangehou. Die familie was streng Rooms. Pa self was van kindsbeen af innig vroom aangelê, godsdienstig opgevoed en moes as koorknaap in die Roomse Kerk sing. Dikwels het hy vir ons van die latynse kerkliedere voorgesing en met aandoening vertel

hoe hy met trane oor die wange voor die beelde (veral die van die Moedermaagd met die kindjie Jesus op die skoot) gekniel en sy gebede geprewel het. Van sing het hy sy lewelank baie gehou en musiek was sy liefhebbery. Op later leeftyd, as hy probeer om te sing, en asma dit belet, hoe baie het hy gesmag na verlossing uit die doodsliggaam en verlang na die opstanding van die vlees, om uit volle bors sy God en Saligmaker ewig te kan loof en prys! O, ons kan ons dit so voorstel hoe hy, die klein liefling van sy moeder, die vertroeteling van sy groot broer en ouer susters was! Deur geloofsverskil sou hy later die verstoteling, op 'n dag van heftige toorn selfs 'n verskoppeling word. Begryplik is dit dat die skoolonderwys wat hy as kind geniet het heeltemal vroom Rooms-godsdienstig was hoewel minder wetenskaplik.

### *Sy Jongelingskap*

Pa was besonder leergierig en kry sterk begeerte tot onderwyser, dog van waar die stoflike middele en langs watter weg, geestelik? Hoe kos en klere verdien; waar die nodige, die gewenste opleiding ontvang? Die Here voorsien en lei as met Sy hand. In die onmiddellike omgewing woon 'n bekwame, geëerde hoofonderwyser, wat (as patroon) leerling-onderwysers oplei, so voorkomend, so mensliewend, maar, hoe jammer tog, 'n ketter! Van die almeer moderniserende Hervormde Kerk, dog self 'n Gereformeerd-gesinde. Maar dit kon nou nie anders nie; hy sou ten volle gebruik maak van die heer Quik se wetenskaplike onderrig, terwyl hy die se godsdiensonderwys uit die Bybel maar sou negeer, onderwyl hy hom tersyde met iets anders besig hou. Hiervan haal sy leermeester later aan in 'n brief aan Pa, na sy troue in 1855, seker meer terwille van Ma, en nog later weer in 1870, seker weer meer terwille van ons kinders; as 'n aangename herinnering aan die begin van 'n lewenslange vriend- en broederskap in Christus.

Op 26 Junie 1870 byvoorbeeld skryf die oue heer Quik aan Pa: „Toen ik nog te R. (Ravenstein of Ravo) werksaam was onder Geref. Roomschen en Joden, werd my verzocht een jonge man op te nemen van ruim 18 jaren, een streng, regtvaardig Romanist, om hem te bekwamen voor het onderwys. Hy was droog en dor naar lichaam en ziel, en 't ging moeijelik om er wat vlugs van te maken. Hy zat doorgaans achter my of ter zyde en ik animeerde hem zoveel ik kon, doch 't scheen vruchteloos; maar de Heere, die boven bidden en denken doet, deed iets dat ik niet doorzag. Hy werd door myne gesprekken met de ander leerl. aangetrokken en luisterde. Ik hoorde daarna dat hy zyne moeder gezegd had dat hy my bewonderde, daar hy altyd gehoord had dat de Ger. so dom van God en goddelyke zaken waren, en die man sprak met zulke kennis, beslistheid van alle godsdiensten, alsof hy ze allen bestudeert heeft; ook wist hy al de teksten uit onze gebedenboeken enz. zoo juist van buiten en te gebruiken dat zy een geheel ander aanzien kregen. Dit verheugde my zeer, hoewel ik niet aan evangelisatie dacht, veel minder aan het ryp worden dezer zaak. Het kwam egter tot een treffen, dat is: God geleide het zoo dat het openbaar zoude worden wa ter in zyn hart was. Ik kan my dit tydstip nog zoo levendig herinneren. 't Was een overhoren en toepassen van de regtvaardigmaking door het geloof aan zijne condisciples, waarop de vraag na schooltyd aan my gericht werd: Hoe komt het dat gy verklaart dat Abraham

vrygesproken werd van zonde, door het geloof zonder werken, daar Abraham twee lessen verder zyn zoon Izak moest opofferen, het dierbaarste dat hy had, dat dit toch werken waren?

„'t Ging my door de ziel daar ik ontwaarde dat het een vraag des geloofs was. Ik bad tegelykertyd om verlichtende oogen des verstands, en de Heere hoorde my, en verhoorde my, en gaf my licht. Een uur daarna lag den geheelen winkel van die ellendige, verniste zonden in den modder en myn vriend beleed door de barmhartigheid en liefde onzes grooten Gods en Zaligmakers, dat hy niet meer Roomsch, noch Geref. maar een zondaar voor God geworden was, waarop het weder-woord was: dit is het juiste standpunt - Jezus Christus is alleen gekomen om zondaren zalig te maken. Myn boezem klopte om dit belangryk feit en wat nu? De Heere had alleen gewerkt en my onbewust als werktuig willen gebruiken, maar nu? Ik had geloofd dat zyne vraag eene geloofsvraag was en dat die Heere zyn aangevangen werk zou voleinden. Ik behoefde dus niets te doen dan Hem aan te loopen om den jonkman te leiden, te ondersteunen, in te leiden in 't woord zyner waarheid. Ik behoefde niets meer af te breken, de kolossus der menschelyke geregtigheid, de Dagon, was gevallen voor de Arke Gods ....

"Ik meen 4 jaren lang dat ik hem om de maand schreef en het gaarne te doen, en 't licht dat ik ontving en de leiding dezen leerbrieven was van God ... Enige dezer liet ik lezen aan Ds. H., doch .... hy zweeg .... had gaarne gehad dat ik hem de jongeling zou overgeven, doch Zeerw. was te clericaal en de jonkman te teeder, zooals nog bleek in de handelingen met Mr. Van Andel te S.B. ('s Bosch) by zyne eerste kennismaking met hem .... Eindelik kwam de Doorbreker en Deze voleindigde het werk en ik hoop en bid dat hy het ook voleinden zal, want die jonkman heeft een zwak lichaam, is reeds bedaagd, heeft een lieve vrouw die den Heere vreest en is gezegend met, zoo wy hopen, als hy door de lankmoedigheid Gods dezen ontvangen moge, met 8 kinderen, waarvan de laatste, als het een jongen is, wel Matteus Johannes mogt heten tot eene gedachtenis, met een Ebenhaëzer aan zyne deur tot inlichting zyner talryke jeugd, opdat ook zy den Heere leer en vreezen en in zyne wegen wandelen, naar zyn eeuwig blyvend Woord.“

"Ik heb dit opgetekend in gebrek en kort, opdat gy het aanvullen zoudt en voor uwe kinderen wegleggen, opdat zy eruit leeren zouden, dat God genadig is en in Jezus Christus zyne liefde voor ons zondaren geopenbaard heeft .... 't Kan ook dienen voor u tot eene inleiding ter evangelisatie van uw broer en zusters, waartoe ik u rade dat gy bidt om wysheid van boven, want het romanismus is zeer door het modernismus in ons dierbaar Vaderland thans gestyfd."

Hierdie aanhaling spreek boekdele en kon dus nie meer ingekort word nie, maar laat my toe om nog kortliks aan te haal uit die troosbrief van Mev. die Weduwee, M. J. Quik - van Wrangel (oud 80 jaar) dd. Maart 1889: "Ach, myn lieve vriend van Rooy is er niet meer .... Ik verlies in hem een hartelyke trouwe lieve vriend, die my, ofschoon in de verre verte, vaak tot troost en opbeuring, ook tot leering was, die lieve nederige eenvoudige jongeling in zyne jeugd, later door `s Heeren bestuuring een levendig Christen werkzaam in zyn dienst, voor het Koningryk der Hemelen."

(Is dit wonder dat Pa en Ma se kinders die oue heer en Mev. Quik beskou het as hulle Oupa en Ouma in Holland? Die verwagte kindjie, wat Mnr. Quik wou hê dat Pa na hom sou vernoem was 'n dogter, suster Pauline. Na my (die skrywer) was daar geen seun meer nie, en daarom seker dat suster Frederika heet na Mev. Frederika Quik von Wrangel.)

Pa het ons ook vertel hoe onmoontlik dit was om sy aandag af te hou van sy patroon se skriftuurlike godsdiensonderwys met so 'n innige geloofsoortuiging. Oplaas kon hy die versoeking om self die Bybel te lees nie meer weerstaan nie, hoewel hy lank getwyfel en geweifel het. Dog hoe en waar? Hy bly agter in die skoolvertrek en haal Mnr. Quik se Bybel te voorskyn uit die lessenaar. Sal hy lees - sal hy nie lees nie? Die Heilige Boek van Goddelike wysheid in die hande van 'n onkundige leek. Is dit wel die regte Bybel wat die ketters lees? Vrae op vrae waarby sy hart klop. Eindelik beswyk hy en soos 'n dief, steelsgewys neem hy die Boek, maak dit oop en begin te lees. Tot hy naderhand so verdiep raak daarin dat hy opskrik toe Mnr. Quik, wat seker al onraad bespeur het, maak asof hy iets vergeet het en na skoolsluiting weer binnekom en by hom staan. Verleë maak hy beleefd ekskuus, om die vriendelike antwoord te verneem: "van Rooy, wat ben ik bly; lees in den Bybel so veel als je wilt, neem hem saam, dit is het beste dat je doen kunt, ens." En toe begin hulle ook saam lees, saam spreek, en saam bid, o so openhartig en vertroulik.

Hoelank Pa as leerling en hulp-onderwyser op of in die omtrek van 's Hertogenbosch, in konneksie gebly het met Mnr. en Mev. Quik, in aanraking gekom met die se vriende, Ds. H. van Andel, luitenant (later generaal) von Wrangel en meer protestantse gelowiges, in noue saamlewing nog gebly het met sy eie Roomse familie en onder Roomse biegvaderskap, is moeilik te bepaal. Ons het niks om met sekerheid op af te gaan nie, dan dat dit in jaar of 5, 6 moes gewees het vanaf 1842 tot 1849 voor die 4-jarige korrespondensies (waarvan Mnr. Quik hierbo melding maak) moes aangevang het, wat aangehou het tot Pa in 1853 na Brussels gegaan het.

Omstreeks 10 jaar dus van stryd om lewensbestaan en worsteling om geloofsversekerdheid vandat die soekende en strewende Roomse jongeling uitgegaan het tot sy lewensroeping en broodwinning, totdat hy as 'n selfstandige man, selfbewus en welversekerd homself as vrygemaakte in Christus gevind het, om welbewus sy lewenstaak voort te sit op die weg waarop hy hom blymoedig en welgetroos deur die Here self van stap tot stap sou laat lei.

Maar wat het sy selfstandigheid hom nie na lyf en siel gekos nie! As ketter, die banvloek, die anatema van die Roomse Kerkgeestelikheid. En o, die liefde veral tussen weduwee-moeder en haar jongste seun was so sterk - te sterk om die vrome benediksie van Roomse biegvaderskap. Moeder se kind was mos ook 'n voorbeeldige kerkseun gewees - hy met sy mooi stem onder die koorsangers. Die pastoor is huisvriend met vaderlike seggenskap, vir wie niks verberg mag word nie. Met lede oë word opgemerk wat in die jongeling se siel omgaan en met listige toeleg, eers deur allerlei liefdebetoon, eg sowel as voorgewend as

lokaas, en later deur dreigemente en vervolging word gepoog om hom weg te lei van die protestantse vangnet wat met opregte lis gespan is deur visser Quik in die eerste plaas. Terwyl die Roomse Pastoor aan die een kant die ammunisie verskaf, is dit die Protestantse vriend (vriende) wat aan die ander kant weer met provisie voorsien. Ruim twee jaar het dit nog geduur, nadat Pa by homself tot ander sienswyse gekom het, voor hy openlik met Rome breek. By besoek het hy nog terwille van sy familie saam met hulle die kerkdiens bygewoon totdat hy op 'n dag onder die beeldediens die gevoel kry van sy hopeloos verlore staat as die Here hom daar en dan sou laat sterf. Toe moes hy hom openlik verklaar, o.a. teen die nuwe leer van Maria se onbevlekte ontvangenis en haar verering. Sy liewe moeder met wie hy baie geredeneer het en wat in vele dinge heimlik met hom ingestem het, kon met hom nie meegaan op sy ingeslane weg nie; sy susters was diep bedroef, sy enigste broer glo woedend. Uit die kerk, dan ook uit die huis. Later is nog 'n poging aangewend om hom van sy dwaling terug te bring. Volgens afskrif van 'n brief van Mnr. Quik was dit 'n uiters gevaarlike moment in Pa se lewe. Met vrees in die hart het hulle hom sien gaan na sy familie en kerklike owerheid en biddend die uitkoms afgewag. Wat Pa by die geleentheid deurgemaak het, het hy liefs verswyg, en waar Mnr. Quik in die brief op die ergste neerkom, daar het Pa by afskrif met kolletjies die weglating aangemerk wat ons juis so graag alles van sou wou weet. Wat was die nuwe vriende bly toe Pa behoue terugkom, met innige deelneming in sy grote smart van verban te wees uit die hart van sy familie. Nog later is aan hom selfs die toegang tot sy sterwende moeder geweier. Wat die vyandskap teen sy persoon vererg het was dat hy nie kon nalaat om teen die Roomse afgodery en beeldediens te getuig nie, soms met jeugdige ootmoed in winkel, restaurant, kaserne en op straat. Hy moes een aand vlug vir sy lewe van persone wat hom voorgelê het, en op 'n ander keer moes die polisie hom beskerm teen geweldpleging, waarop hy die waarskuwing kry om liewer te verhuis na 'n ander plek.

Hoewel van sy familie later hulle voorgedoen het asof hulle bly was om iets van hom te hoor, en van Ma, en selfs nog vanuit Suid-Afrika, en Pa-hulle nog lank van hulle tyding gekry het deur bemiddeling van Mnr. en Mev. Quik, was daar tog nooit meer enige direkte kommunikasie deur korrespondensie, om nie eers te praat van persoonlike besoek, selfs toe Pa na sy huwelik op 's Hertogenbosch twee jaar in hulle onmiddellike nabyheid weer gewoon het nie.

Maar, het Pa om Jesus wil moeder en broer en susters (ook nefies) moes verlaat met verbreking van vleeslike bande, hoe is dit vergoed deur geestelike verwantskap met vaders en moeders, broers en susters in die Here, in Holland, in België en nie die minste nie, in Suid-Afrika!

### *Sy verdere godsdienstige en Wetenskaplike vorming*

Pa is nog maar hulp-onderwyser, nou hier, dan daar, later ook wel te 's Hage en Rotterdam, waar hy met behulp van Mnr. Quik opening kry, want die hou hom nog altoos aan die hand deur sy geloofstryd heen. Hy moet tevrede wees met 'n karige loon, soms afgeknyp van die al so geringe salaris van sy patroon. Onderwyl studeer hy

hard uit bekombare bronne, met voorligting van sy hoofde, en nie die minste nie, onder korrespondensie-leiding van sy geestelike vaderlike vriend. Deur sy introduksies kom Pa telkens in aanraking met goedgesinde hoofde, met predikante, ouderlinge en ander gelowiges, met sommige waarvan hy lewenslange vriendskap sluit. By voorkeur word hy verwys na die nog maar onlangs gestigte "besondere skole" wat veral tot stand kom deur die bemoeienis van manne soos Groen van Prinsterer, Elouten van die Christelik Gereformeerdes (afgeskeidenes), raak bekend met Onderwysers-vereniginge en saamwerkende Kerkrade, terwyl hy orals waar hy kom die geselskap soek van gelowige Protestante en altoos gereed is om die geesteswaard teen die Roomse bygelowighede uit die skede te trek. Terwyl sy geagte en beminde leermeester Hervormd bly uit beginsel, sluit Pa hom later self aan by die Chr. Gereformeerdes uit oortuiging. Laat dit kerkgenootskaplike verskil wees, tog bly leermeester en leerling een deur 'n opregte geloof in Christus Jesus. Hy moet evangeliseer, by homself, indien nie in saamwerking met vriende of Kerkdienaars nie. Selfs gedurende die jaar van eksersisie as soldaat, onder hoon en smaad oor sy vroomheid. Eenmaal het hy tog sy humeur verloor, sodat hy 'n dronk terggees met sy skoenpolvy die voorhoof oopgeslaan het wat hom nogtans vergewe is deur die woestaard toe hy nugter word. 'n Bewys dat 'n sagmoedige man beter is dan 'n sterk man. In 1881 nog skryf van Andel aan Pa hoe hulle beider vriend, generaal von Wrangel, 'n bewonderaar van die dapper Transvaalse Boere, wat self aan die hoof staan van 'n militêre Bond en voorgaan in die Godsdiensoefeninge vir die soldate, nou 'n beroep doen op Pa en ander vriende in Suid-Afrika om geldelike steun vir hulle militêre Tehuise: "Ook gy hebt gediend, en weet dus wat een hel de kazernes zyn".

Dit is te verstaan dat Pa se studiegang baie belemmerd en onderbreek is deur sy veelbewoë lewensloop al die jare. Uit 'n brief van Mnr. Quik blyk dat hy in 1853 op Rotterdam in sterk versoeking gekom het om sy roeping as onderwyser, ja selfs sy Kerkgemeenskap desnoods prys te gee vir evangelisasiewerk, wellig deur die sterk drang destyds van evangelisasiekringe en sendingvereniginge. Ongetwyfeld het dit alles saamgewerk om Pa, wat reeds los was van familiebande, te laat besluit om na Brussel te gaan, waar hy Frans kon studeer onderwyl hy in Hollands onderwys gee, en waar hy na hartelus saam kon evangeliseer met die "Vlaamsche Evangelische Gemeente" daar. Mnr. Quik se seënwens op die voorneme bevat o.m. dit:

"De Heer (Zyn Naam is wonderlyk) trekke met u mee naar een vreemd afgodisch land, waarin een klein kuddeke is dat nog het teken van Hem aan syn voorhoofd heeft, onder de duisenden die het teken van het Beest onbeschaamd voeren .... Gods wegen zyn anders dan onze wegen en al had ik er tegen dat gy u aan een zwervend leven overgegeven had, ik onderwierp my, biddende dat gy tog niet stad en land zoudt afloopen om een Jodengenoot te maken, want ik heb al meer de vruchten van zulk een traffiek gezien en de uitkomst minder gunstig bevonden .... Hy heeft u weder geroepen tot bestendigheid ... Ik kan u zoo al gedoken onder een hemel van afgodery werkzaam zien om het flauw licht des Evangelies al meer op te helderen . . . .“

Pa gaan na Brussel: met hierdie attestasie :

L.S.

„De Kerkraad der gemeente Jesu Christi te Rotterdam verklaart by dezen, dat Johannes Cornelis van Rooy Lidmaat is der Christelijke Afgescheidene Kerk in *Nederland;* zover ons bekend is, gezond in het Geloof, onbesproken in den wandel, weshalve wij voornoemden broeder aan de Vlaamsche Evangelische Gemeente Jesu Christi te Brussel (België) aanbevelen, en de Opzieners dier Gemeente verzoeken, voornoemden broeder onder hun Christelijk opzigt en bestuur aan te neemen, tot het gebruik der Heilige Sakramenten toe te laten, en in alle voorkomende gevallen met Christelijke raad by te staan.

De Kerkraad der Gemeente Jezu Christi te Rotterdam.

(get.) H. B. Guichies praeses v.d.m.
P. v. d. Kooy ouderling.
C. van Batenburg ouderling.
I. W. Bishamer ouderling.

Rotterdam den 15 den September 1853."

Op dieselfde attestasie is later, toe Pa teruggegaan het na Holland, bygevoeg:

„Deze onze broeder heeft zich gedurende zyn verblyf in Brussel as waardige Christen gedragen.

Brussel den 1ste November 1855 - H. van Maasdyk."

Nou volg twee jaar van velerlei nuwe ervaringe en spannende arbeid in die Belgiese hoofstad, in die vreemde omgewing van Franssprekende Vlaandere, Rooms byna soos Rome self. Pa se dag- en nagtaak is drieerlei, saam met gedwonge slaap: vierderlei; waarvan elkeen volle toeleg vereis. Bedags sy gereelde skool-ure as onderwyser vir Hollands-onderrig. Snags studeer hy Frans, wat hy binne drie maande taamlik onder knie kry. Tussentyds, gewoonlik saans, doen hy aan Evangelisasie mee saam met Ds. van Maasdyk, palter (gewese) Spierings en ander. Sy gestel was al vroeër nie van die sterkste nie en, was hy al 'n paar maal ernstig siek gewees, blykens simpatieke skrywe van sy vriende, nou was die inspanning in korte tyd so oorweldigend dat hersingvlies-ontsteking hom spoedig na die randjie van die graf bring. Wat was die blydskap onder die dierbare vriende in Holland groot toe hulle verneem dat Pa weer bekwame vordering maak na liggaam en gees, sodat hy verder aktief kon deelneem met medewerkers in 'n uitbreidende vriendekring hoofsaaklik beliggaam in die nog maar kleine Evangeliese gemeente te Brussel !

Tog het dit, soos Mnr. Quik voorspel het, eerlang geblyk dat ook hier nie alles goud was wat blink nie. Die yweraars, hoe innig hartlik ook as oortuigde gelowiges in onderlinge broederskap, was ook maar mense van vlees en bloed, van onderskeidene herkoms, met 'n eie sin sowel as waarheidsbegrip wat soms gevoelig openbaar word,

nieteenstaande elkeen se vurige begeerte om die Woord van God te ken en te verkondig na die mening van die Heilige Gees.

### *Pa soek en vind 'n vrou, raak verloof en gaan trou*

Hy is in 1854 al dertig jaar geword en meen nou daarvoor oud genoeg te wees. By alles voel hy hom tog as mens onder mense, dikwels alleen in vreemdelingskap. Uit korrespondensies van Mnr. Quik het tevore al geblyk hoe ongerus hy en sy liewe vrou was of Pa tog 'n gelowige egvriendin sou vind wat hom in sy besondere roeping en taak waarlik tot hulp sou wees. By een en ander jonge vriend tog het "Delilah" al betoon 'n verlokking tot ydelheid te wees. Nou moet hulle verneem dat Pa 'n "Amante" aangetref het en hulle voel bekommerd; dog wag maar 'n bietjie dat Pa self kon vertel:

Hy ag dit 'n gebedsaak en vra raad by sy predikant. Die is gewillig om hom mee te neem op huisbesoek en so te introduseer by Christelike huisgesinne waar ook jong dogters is; dog die een se gedagte wil maar nie die ander se keuse word nie, totdat op 'n goeie dag die Here self weer met sy Hand lei. Die Dominee moet 'n oomblikkie hier die winkeltjie binnestap om ouderling Holsters te spreek. Pa word aan hom voorgestel en natuurlik ook aan sy dogter agter die toonbank; met wie Pa gesels solank as die Dominee die ouderling besig hou. Toe hulle groet om verder te gaan, dink Pa by homself: "Hier kom ek nader kennis maak." So gesê, so gedaan. Ook nie te lank nie of hy klop by die woning aan, word vriendelik ingenooi om die gewenste jonge dogter te vind waar sy blosend staan met die strykyster in haar hand. Hy maak die doel van sy besoek bekend, en met dankbaarheid teenoor God kon hy gou op homself toepas Spreuke 18 vers 22, "Die een vrouw gevonden heeft, heeft eene goede zaak gewonden en hij heeft een welgevallen getrokken van den Heere."

### *Iets van Ma se Jeug en Familie:*

Toe Ma se moeder met Oupa Holsters getroud is, was sy 'n weduwee met twee kinders wat albei jonk gesterf het. Ma was die oudste van sy kinders en is opgevolg deur vier susters, Pauline, Marie, Josephine, Felicite en twee broers, Gustave en Simon, name wat onder die kindskinders in Suid-Afrika herleef. Ma is in Brussel gebore, opgegroei en getroud. Sy was haar vader tot hulp in sy besigheid en as oudste dogter die steun van haar moeder in huis. Die spreektaal in huis en skool was Frans, hoewel Vlaams in die omgang ook in gebruik was, en Hollands nie onbekend nie. Oupa het tot die Vlaams Evangeliese gemeente behoort; hy was oorspronklik ook Rooms. Op 'n dag het hy en Pa ingesluit geraak in die Stoet van 'n Rooms-kerklike prosessie in die straat en bly staan toe almal neerkniel, met die gevolg dat die menigte hulle met vlammende oë aan gekyk het. Later na Ouma se dood en Ma se vertrek skyn dit asof daar verflouing van grense op godsdienstige gebied gekom het met skadelike invloed ook op die huislike lewe van die gesin. Oupa het 8 jaar wewenaar gebly, moes heelwat rondval vir sy sake en die huislike sorg was nie meer soos tevore nie; korrespondensies het mettertyd ook minder geword totdat dit later weer veral met Tante Fina, na Ma se

eerste besoek uit Afrika toegeneem het.

In Ma het Pa 'n egvriendin gevind wat vir hom 'n troosvolle vergoeding was vir die verlies van sy moeder deur godsdiensverskil en dood; so ook vir korte tyd sy skoonouers en die ander kinders 'n plaasvervanging van sy eie broer en susters. Op haar beurt weer het Ma in Pa 'n eggenoot gevind wat sy kon liefhê en respekteer, met wie sy alles kon verlaat om sy hulp te wees in die onbekende, naby en ver. Die skoonouers was tevrede en welgemoed om hulle dogter aan hom toe te vertrou, al moes Pa beken dat hy geen ander vooruitsig had dan te moet leef van die brood wat hy glo dat die Here as sy beskeie deel wel daeliks sal toereik. Begryplik dat die vriende in Holland besorg gevra het: "Wat gaan van Rooy tog begin met 'n kind van 20 jaar aan sy sy? Die huwelik was ook nie heeltemal na die sin van Ds. van Maasdyk by wie Pa tevore gehuisves was, en van ander nie, seker omdat hulle gevrees het dat hy minder bruikbaar sou wees en nog meer 'n eie koers sou volg. Met sy skool het dit dan ook op die duur nie vlot gegaan nie en moes hy selfs uitsien na steun uit Holland.

Die posisie word geteken deur Mnr. Quik: “Vertrouw niet op 's menschen kind by wie bedrog is .... Leg dus af uwe inwendige vete op degenen die u in schyn mishandeld hebben en bid liever te vuriger voor hen .... uwe taak word erdoor bemoeijelijkt en het is wel jammer dat hunne onverschilligheid omtrent het Christelijk onderwijs u alleen genoegzaam doet staan .... "

Onderwyl het Ma se liefde, troue hulp en bekwame spaarsaamheid Pa se stryd en leed vergoed en die van sy goeie vriende meer dan vervul. Ook gee die Here spoedig uitkoms:

### *Pa gaan terug na Holland*

En Ma gaan met volkome oorgaaf saam, hoewel die afskeid van haar ouerlike woning, van haar geboortestad, van volk en vaderland haar nie maklik val nie. Tog is dit maar die klein begin van die smart wat sy sal moet verduur terwille van haar God en haar man. Ook in 's Hertogenbosch is daar al 'n gemeente van "Afgescheidenen". Daar is ywerig werksaam die bekende ouderling J. van Andel. Daar bestaan ook 'n "besondere" of Christelike Skool, waar 'n opening is vir 'n onderwyser, wat Pa gaan inneem, ook al weer deur die bemoeienis van sy vriende Quik en van Andel.

Twee jaar van aangename arbeid onder en verkwiklike omgang met geesverwante in die so bekende omgewing .... maar sy nabywonende eie familie hou hulle nog steeds so vroom afsydig!

Hier leer Ma beter Hollands lees en skryf, knoop vriendskap aan met Mev. Quik (dit spreek vanself) met Mev. van Andel en ander susters; "kerk" saam met Pa by die "Afgeskeidenes"; word susterlik berispe om haar paar juweeltjies en kleding á  la mode de Bruxelles by die godsdiens, terwyl sy self gehinder word deur die peppermentdosies, ruikflessies, warm stofies, wat rondgegee en aangeskuif word ens. Hier kry sy ook 'n besoek van haar moeder, en is haar oudste seuntjie, Henri, gebore. Hiervandaan kon sy ook haar moeder te Brussel

in haar krankheid besoek.

Pa en Ma smaak vreugde in verbeterde omstandighede! Hoe lank sal dit duur?

Ook tot 's Hertogenbosch dring die roepstem uit Suid-Afrika deur om regsinnige predikante en gelowige, Christelike onderwysers vir die stamverwante Boere. Die beide Dominees, A. Murray Snr. en Jnr. van Graaff-Reinet en Bloemfontein maak 'n dringende beroep op die Nederlandse volk en kerk.

Dit is nou ‘n roeping na Pa se hart. Wat sê Ma daarvan? Meegaan, so ver van haar swakke moeder, na 'n land wat vir haar voorkom as een van duisternis en van skaduwee van die dood? Nee, dit kan nie. Maar in plaas van 'n tweede besoek van haar moeder, die se doodsberig!

Andermaal kom die beroep, dringender dan tevore. Ma merk dat dit vir Pa onweerstaanbaar word; sy skryf aan Oupa; die wil daar niks van weet nie. "Laat van Rooy maar gaan en as hy genoeg geld verdien het, weer terugkom. Solank kan my dogter maar weer by my kom bly." Noudat haar moeder weggeneem is, is sy self heeltemal bereid om ook te gaan. Oplaas word Oupa, ook bevrees dat hy hom teen die Here kan besondig deur die roeping waarvan Pa in gemoede so oortuig is, te weerstaan en hy antwoord: "Ga in vrede en mag de Heere met u meegaan".

Dat Pa se afskeid van sy intieme vriende op 's Bosch en Rotterdam hartroerend was, met danksegging en gebed, kan elkeen verstaan, al is dit hom nie vertel soos aan ons kinders nie. Hoeveel te meer die van Ma! Veral van haar jongste suster, Felicie, wat by haar gebly het in Holland, en van haar vader, wat hulle vergesel het by die end van hulle afreis tot op die skip, daar gegroet en toe van die strand nog toegewuif het sover as die oog kon sien. Hulle "au revoir" was met baie min verwagting vir hierdie lewe. Met die afskeid plaas Oupa nog 'n klein boekie in Ma se hand, wat handel oor Psalm 121. Die enige troos sou vir Ma en Pa onmisbaar wees elke dag en nag van hulle verdere lewe. Gode sy dank, hulle kon die inhoud toeëien deur 'n onwankelbare geloof, staande gehou deur Gods Gees en Woord.

### ***Ons ouers op Reis na Suid-Afrika:***

Op 24 Oktober 1857, het hulle van Rotterdam af onder seil gegaan op die "Karel August", met ons Ouboetie, Henri, oud twee jaar; om die 26ste Januarie 1858 by Port Elizabeth aan wal te stap met nog 'n boetie by hom, 'n op-see-gebore babetjie van twee maande. Hy kry toe die naam van "Antoine Charl August", wat hom laat heet na die skipskaptein, Antonie, en die skip self, Karel August. Die reis was voorspoedig en met blye verwagting kon hulle reeds uitsien na die Kaap van Goeie Hoop, toe, o wee, hy hom, getrou aan sy ou naam, weer voordoen as die Stormkaap. Dus maar so ver moontlik van die land weg hou. 'n Drie-daagse stormweer, ouer gewoonte, vir 'n seilskippie van nog geen 300 tonnemaat wat slinger soos 'n dronk man is geen kleinigheid nie. Die passasiers

moes maar sonder kos bly, onderdek, of van hand tot mond geniet wat hulle kon toegereik word. Pa waag dit oplaas maar om vir Ma 'n bietjie drinkwater te haal, met die gevolg dat die rollende skip hom teen iets neersmak, sodat hy met 'n paar gekraakte so nie gebreekte ribbebene terug moes krabbel.

Dit was 'n gemengde geselskap op die skip, soos blyk uit die ondervolgende lys. Die grappigste was die drie maatjies in driertalige kameraadskap, Henri, wat Frans praat, terwyl 'n Hollandertjie en 'n Engelsmantjie elk sy eie taalskat laat hoor. Hulle het mekaar gou leer verstaan en so mekaar al gebrei en voorberei vir die saamlewing in Suid-Afrika met die afstammelinge van Geus, Hugenoot en Brit. Eg Hugenoties het Henri dan ook gou sy taaltjie kwyt geraak tussen die Karroobossies!

Van die skip af word die passasiers neergelaat op skuitjies en na die strand geroei; die mans spring somar uit na die wal, die vrouens word deur swart diensvolk uitgedra, almal dankbaar vir veilige oortog. Ons liewe Moeder met haar telgies! Dit wemel van swarte heidens op die strand, wat die aandstond nog donkerder maak vir 'n vrou gewoon aan verligte strate in 'n Europese Stad. Trane in stilte om haar man te spaar. Dit lyk na 'n land van d - - w - - ls. O, wanneer die voet weer op Vaderlandse bodem gesit?

The Port Elizabeth Telegraph van 28 Januarie 1858 vermeld die volgende:

> "The Dutch ship "Karel August" which arrived in port on Tuesday last, brings to our shores a number of respectable immigrants who are proceeding to Burghersdorp, Bloemfontein, Aliwal North etc., where they have been engaged as Schoolmasters. There are three male and three female teachers from Scottland, and some ten or twelve from Holland. The whole are engaged by the Rev. Andrew Murray of Bloemfontein.
>
> 2/25 -- Karel August. -- (Dutch) brig, 256 tons, A. Huizer, from Rotterdam act. 25th to this port.
>
> Cargo sundries:
> Passengers: Mr. and Mrs. Noble and two children, Mrs. Law and child, Mr. Tennant, Miss Tennant, Mr. Scott, Mr. and Mrs. Boonzaaier and child. Mr. and Mrs. van Alphen and two (three) children, Mr. and Mrs. van Rooy and child (two children), Mr. and Mrs. Korporaal and child (no child), Mr. and Mrs. Zurich, Mr. de Ridder, Mr. Post, Mr. Galle, Mr. van Waardhuizen, Miss de Geert, Mr. Maury".

Die meeste van hierdie name leef nog voort in Suid-Afrika, so nie in nabestaandes, dan tog in nagedagtenis, saam met die van ander Christelike onderwysers wat al vroeër of nog later uitgekom het om hulle lot in te werp met die Afrikaners en land en volk te help ontgin en opbou. Met enkele uitsonderinge het die Hollanders hulle gou vereenselwig met die Boere. So ook sommige van die Skotte. De Ridder en Maury het later predikante van die Geref. Kerk geword.

### *Op tog na die Binneland, nog soos Voortrekkers*

Dit was nog nie 'n kwart eeu na die Groot Trek uit die Kaap Kolonie nie, en die mense van Grootrivier was nog beskou as die Grensboere van die Onderveld in teenstelling met die Bolanders of Kapenaars. Oor die hele breedte van die Kaapkolonie vanaf Port Elizabeth na die Hantam (Colesberg) moes die reis gaan met die ossewa. Die waens wat die Meesters kom afhaal het was seker swaar belaai met meer dan hulle beperkte toerusting van oor die water. In daardie tyd het mense wat Baai toe gaan vir hulle hele buurt gaan verkoop en inkoop. Toe dit klaar gelaai en ingespan was, roep Pa vir Ma om te kom opklim en wys haar die voëlnessie daar agter bo in die tent en die los leer waarlangs sy moet opklim. "Van Rooy, ik stap nog liever te voet." "Wat! drie weken lopen?" "Drie weken?" Trane tap as sy die ongewone trappe opwaag. Daar trek dit nou op ossepas, met watter vooruitsig? Vir Ma net agteruitsig op die stofpad van haar hoë skommelende sitbed af.

Die Oom wat dryf maak gou maats met klein Henri, wat so 'n snaakse taal praat. Die moet bietjie by hom op die voorkis kom sit, maar nouliks maak sy broekie kennis met die deksel, of hy skree uit alle mag soos dit brand van die warm somerson. Waterlanders - ook van die moeder.

Pa moet vir Ma tog `n bietjie vars voedsel sien te kry langs die pad. Daardie plaas lyk tog heel naby te wees; hy kan Afrikaanse afstande nog nie skat nie. Dit is darem `n heel entjie verder dan hy gemeen het en 'n mens stap daar nie in en uit soos in 'n Europese winkel wat alles voorradig het nie. Jy moet bietjie wag vir die vleis en melk en groente en intussen gesels om nuuskierigheid te bevredig. Intussen trek die stadige assewa al daar oor die bult en dit word laat. Dood moeg haal Pa die wa teen donker weer in, gelukkig, maar te laat om nog die smaaklike spyse toe te berei.

Op Graaff-Reinet doen Ds. A. Murray Snr. aan Pa die voorstel om daar te bly as onderwyser, wat meteens ook kan musiekles gee en die kerkorrel bespeel. Hoe aanloklik ook**,** hoe veelbelowend vir die toekoms, Pa moes dit vriendelik bedank. Daarvoor het hy nie eintlik uitgekom nie, sy doelwit is die Boerejeug wat heeltemal van onderwys verstoke is. Dus vrou en kindertjies maar weer na bo in die watent en voorwaarts! Eindelik dan tog in die Hantam vanwaar die onderwysers moet uiteengaan om elkeen sy bestemming te vind. Pa tref dit besonder gelukkig; kry die voorkeur by die broers Pienaar, op Weltevreden, distrik Colesberg, al kry hulle van tersy die wenk dat Pa in Holland tot die Afgeskeidenes behoort het. Des te beter, dan weet hulle dat hy nie "liberaals" is nie. Met lof het ons ouers altyd van die Pienaars gepraat, hoe hulle dadelik tuis gevoel het en gou omring was deur 'n gesellige vriendekring in die buurt, waaronder 'n paar Hollanders soos Vermooten en Sluyter op Colesberg.

(Interessant was dit altoos nog jare later vir ons, kinders, om getuie te wees van die hartlike verwelkoming deur Pa en Ma van die ou Hollandervriende - kennisse van vroeër deur persoonlike omgang of briefwisseling, ook al was dit maar vriende van vriende in Holland en Suid-Afrika wat nou en dan hulle besoek het.

Ons luister met oop monde as die ou Moedertaal so rol oor die ou Vaderland, deurspek met Afrikanismes sodra die gesprek draai op ervaringe in die nuwe samelewing. By afskeid die gegroet met seënwense -nogmaals 'n handdruk, dan die agternasien en die omkyk, die laaste armgeswaai of hoedgewuif. Opmerklik was ook die gewone deftige beleefdheid.)

### *Sewentien Jaar van Plaasskool-lewe*

Die verwisseling van die Europese stadsbedrywigheid met die boereplaas-stilte is baie groot. Tog het dit sy goeie kant van vredige rustigheid en losse vryheid. Pa geniet gesondheid soos nooit tevore nie, die uitgestrekte boerderye laat die inbeeldinge van sy kindsheid op groter skaal herleef, terwyl die ruime jagvelde roep om 'n wildskut. Ook nie te lank nie of die saal op die wakkerste perd is sy lekkerste sitplek en klaarpraat met die bok wat vir sy heldere kyk onder korrel en visier kom en hy staan dat hy op vaste voet met geoefende hand die voorlaaier aanlê; dit het hy nog te danke gehad aan sy oefening vir soldaat.

"Jammer dat Meester se vrou tog nie heeltemal wil aard nie," is die meevoelende opmerking van die liewe Tantes. Ma se gesondheid kwyn, haar kragte neem af, heimwee druk haar neer: Met die onsindelike swart meide kan sy nie oorweg nie. As sy een aanhou, dan is dit net vir werk wat sy nie self kan doen nie. Pa help met huishouding en troos maar so goed as hy kan.

Hulle Europese opvattings oor rasseverhouding, met name gelykstelling van blank en swart moes hulle gou prys gee. Hulle evangelisasie-ideaal moes hulle met die noorderson laat verdwyn; in die lig waarvan Mnr. Quik hulle nog agterna skryf: „Ik praat alzoo met u en de uwen, alsof ik uwe Anna zag en uwen Hendrik en Karel August zag dartelen aan uwe zyde. zich vermakende met die vreemde gesigten der zonen van Cham, welke tot de Heer der heerlijklheid gekomen zyn;" waarop hy nogtans laat volg: "als ik dan in de courant lees dat de kaffers weer oorlogzuchtig zyn en strooptogten ondernemen, eenen Leeraar vermoorden, en de herders by hunne kudden, dan is het ook niet wel by my voor u." Die mensliewende Christenvriende in Holland kon maar nie verstaan waarom die Chams-kinders dan nie met die kinders van die Celliers en Pienaars en ander bure, saam op die skoolbanke kan sit nie. Mens kry nogal die indruk, blykens verder korrespondensies, asof die ontwaakte Sendingsywer in Nederland (ook by die Afgeskeidenes) vir die swartes in Suid-Afrika kan afgestuit het op die afkerigheid daarvan by onse mense hier en daarom te meer afgewend is na die Oos-Indiese besittings, waar bloed vermenging tussen wit en bruin baie makliker plaasgevind het, tussen gedooptes selfs gewens was; terwyl die voortrekkersgees hier heeltemal daarteen gekant was. Die afvaardiging destyds van Ds. D. Postma deur die Chr. Ger. Kerk het onteenseglik die byoogmerk van moontlike sendingwerk onder die kaffers gehad.

Op Weltevrede is broer Jan gebore, die eerste Afrikaner na die Hollander- en Seelander-seuns. Nou word Ma ernstig siek, die dood staar haar in die aangesig. Pa raak totaal uitgeput na gees en liggaam. "Wat tog van die drie seuntjies as die moeder sterf?" Die troue vriende help en troos. Die dokter is gehaal en vertoef op

aandrang totdat hy eindelik vererg uitroep sodat Ma dit hoor, dat sy inflammasie het en tog maar sal sterwe, Pa kan maar die doodkis laat maak, hy het ook nog ander pasiente. Vriendehande dwing Pa na bed om bietjie rus te neem in 'n ander kamer, waar hy in so 'n toestand geraak dat dit hom smaak asof hy aan sy bene opgeruk word. Hy kom toe by die heer Pienaar in die vaste oortuiging dat Ma oorlede is en vra of die begrafnis-briefies al uitgestuur is. Hy kon eenvoudig sy ore nie glo nie toe hom verseker word dat Ma leef en aanmerklik beter lyk - en voel. Ja, Ma het die dokter gehoor, maar met die gevolg dat sy dadelik die mens prysgegee het en haar tot die Almagtige Redder gewend het en geglo dat haar gebed verhoor word. Sy glimlag toe Pa weer inkom. Wonderbaar die onmiddellike verandering en verdere herstel. Onuitspreeklike dankbaarheid, versterkte geloof, nuwe lewensmoed en werklus!

In daardie dae was die bestaantyd van 'n plaas- of buurtskool beperk op sy bes, as die middelle dit toelaat, tot die kinders van die huis of buurt "volleerd" was, dit wil sê, in die eerste beginsels vir wetenskaplike vorming, van lees, skrywe, reken en vir godsdienstige opleiding, van Bybelgeskiedenis en Kort Begrip om "in die aanneme te kan gaan." As die Meester sê tot 2 jaar aanbly, dan kom daarby nog bietjie taalkunde, algemene geskiedenis, aardrykskunde ens. wat baie afhang van die Meester self, sy bekwaamheid en toewyding. Vir 'n Christelike onderwyser met 'n hartlike geloofsoortuiging was daar nogtans die skone geleentheid om die hart sowel as die hoof van die kind te vul. Oor die algemeen was daar heelwat uit te rig met die verstand en goeie gesindheid van die boerekinders.

Bestek laat nie toe om die rondtrek van die een skoolplaas na die ander te volg in die distrikte Colesberg, Burgersdorp, Cradock en Middelburg nie, om hier 6 maande, daar 'n jaar en elders uiters twee jaar te vertoef. Die vernaamste ervaringe moet net aangestip word. Behalwe die ongewone van die vrye natuurlewe in die eerste tyd, het die plaaslewe nie veel merkwaardigs opgelewer nie. Die gewone selfs eentonige daarvan het nogtans nooit verveel nie. Die meesal eenvoudige buitevertrekke wat so op 'n manier ingerig is vir 'n tydelike Meesterswoning, was geen rede om tydverdryf te soek met handjies-oormekaar in die koelte of sonnetjie te sit nie.

Groot plase het tog toegelaat dat Pa sy eie boerderytjie kon aansit en met genoegsaam lei water was tuinmaak 'n plesier. Sy spaartydjies het hy nuttig gebruik tot eie bevordering, by voorbeeld, deur ook die Engelse taal magtig te word. Verder het hy hom verdiep in Bybelstudie, en sover moontlik in Hollandse, Franse en Engelse, veral godsdienstige lektuur.

Die oudste seuns moes van kleins af, namate verstand en kragte, by alles help. Deurdat hulle nog heel jonk die sogenaamde volleerdheid verkry het, wat vir die plaaskinders na ses maande of 'n jaar op skool genoegsaam geag was, moes hulle by tye selfs bedags skaap oppas, hulle lesse op die veld leer, saans dit opsê en verder onderrig ontvang. Toe hulle bietjie sterker word, kon hulle dit om die beurt doen. Dat hulle party dae meer aandag gegee het aan hul eie krale en dolosse, dan aan die vee en boeke, kan mens begryp. Om dan die verlore tyd in te haal, eie vee bymekaar te soek

en af te keer van die troppe van ander eienaars, wie se lui kaffer-skaapwagters misbruik maak van hulle onmag, was nie maklik nie. Ledigheid, slapheid, lamlendigheid kon Pa nie uitstaan nie. Gou moes ons hoor: "Niets te doen rep je wat, jonge." En tog het dit Pa so te harte gegaan as hy meen dat hy soms te veeleisend was van die jong kinders wat soos alle ander tog te speelsiek was.

Ma, weer, het so te sê heeltemal alleen en eiehandig die huistaak opgeneem behalwe waar en wanneer Pa moes bystaan as hy kon, of namate die seuns en dogters al 'n hand kon bysit. Sy moes die gesin voed en kleed deur maar self kos te kook en klere te maak. Die seuns het net so goed die kuns verstaan om te verslyt en te skeur as Ma om te lap en heel te maak, om nie eens te praat van die vertrap en verslyt van die menigte pare velskoene, wat Pa self vir al die kinders gemaak het nie. Alle spaar- en geselstydjies is benuttig en wins van gemaak met naaldwerk, hekel en brei. Behalwe die eie dogters, het baie ander vroue en meisies van haar handwerklesse geprofiteer. Die ekstra inkomstetjies, so verkry, het Meester se salarissie mooi aangehelp; nodige spaarsaamheid met wys oorleg het gemaak dat, selfs by teëslae, kinders sowel as ouers altoos gevoed en gekleed voor die dag kon kom. Die buitelewe was hoogs eenvoudig. Huisbenodigdhede moes en kon tot die allernoodsaaklikste beperk word; waaronder 'n paar goeie wakiste, orals, altyd en vir alles geskik om van binne en van buite gebruik te word, met 'n plekkie om bietjie kontant-geldjies weg te bêre.

Deur so die tering na die nering te skik, kon daar altoos 'n ietsie uitgespaar en opsy gesit word vir 'n kwader dag.

### *Nuwe en blywende beproewing*

Reeds is aangemerk wat Ma moes deurmaak die eerste jare van hul Suid-Afrikaanse lewe. Deur die goedheid van God het sy haar groot swakheid oorkom, maar die nuwe kragte wat sy ontvang, sou nou meer dan dubbel nodig wees om haar verdere vrouetaak en moederpligte te volbring. Dit moes kort na suster Klaartje se geboorte gewees het, op Vriesfontein, die plaas van Izak Schoombee, dat deur koue wat Pa gevat het met nat skoene aan die voete, sy bors een nag so toetrek dat hy byna van benoudheid beswyk het. Dit was die begin van ongeneeslike asma, waaraan hy bitter gely het, sewe en twintig jaar lank, totdat die kwaal hom doodgewurg het. In die bly en dankbare genot van goeie gesondheid het hy wind nog weer ontsien; hy het hitte, koue en nattigheid tot onverskilligheid getrotseer by haastige vervulling van allerlei pligte. Later - dit was al na suster Annie se geboorte - is die kwaal vererger en, reeds verswak, kry hy 'n aanval van rumatiekkoors wat hom 5 maande in bed gehou het. Iemand van die familie Kruger van Beschuitfontein, naby die latere dorp Venterstad, het my vertel hoe aangenaam Ds. D. Postma se krankebesoek by Pa was en hoe aandoenlik Pa se antwoord op die vraag na sy toestand: "Naar het lichaam zwak, naar de ziel wel."

Die benoudhede het Pa en Ma baie slaaplose nagte gekos, het dikwels dae en nagte aaneen geduur en steeds toegeneem by die klim van jare. Menigmaal het die benoudheid Pa skielik oorval in die skool of elders, wanneer Ma maar geroep

moes word om te help totdat verligting kom. Soms onderweg moes hy maar gaan staan en leun teen muur of boom, so nie op sy kierie nie. Op reis het dit wel gebeur dat hy vir sy kind wat saamgaan sê om hom, as hy sou sterwe, maar op die kar te laat lê of te laat afval, nie bang of verleë te word nie, maar aan te ry of te loop na die naaste mense wat kon kom help. Ons kinders het van jongs af daaraan so gewoon geraak dat ons maar snags ongehinderd deurslaap, om in die môre te verneem dat Pa byna dood was. Dan bly Ma maar so alleen by Pa staan om sy hoof steun te gee met haar sagte hand en meegewende arm, ure en ure aaneen. Niemand kon haar plek inneem nie. Wel kon Pa sê: "Die Here sal die hand seën." Ja, die Here het die hand nie alleen geseën nie, maar ook die hart verryk met sy genade gawes van Geloof, Hoop en Liefde.

Hoe dikwels het ons Pa hoor uitroep; "Here, laat my toch maar sterven" ens. O, die paar dae en nagte voor sy afsterwe is onbeskryflik ! Ek was tuis met vakansie; dit was middernag toe Ma my roep om haar tog bietjie af te los, sy kon nie meer nie. Omtrent 'n tien minute, en ek kon dit in die posisie nie langer uitstaan nie. Pa voel ongemaklik en stuur my maar bed-toe; Ma onmiddellik weer op om my met son-op weer te roep, want soos nooit tevore lyk dit nou wel die end te wees. Omtrent 'n uur nog en ek mog Pa in die arms neem en neerlê. Dit was verby, die siel ontbonde en by God. "Dank u, Here, hy is verlos," sê Ma. Dit was 'n uitgeteerde liggaam wat die seuns en skoonseun na die graf gedra het.

Om terug te kom, dit spreek vanself dat Meester se salaris aan kontant en waarde nie ruim kon wees nie; van verhoging was natuurlik geen sprake nie. Dit was maar soos op elke plek ooreengekom. Sy veeboerdery was ook maar 'n onseker besigheid. Toe seldsame voorspoed op sy beste was staan teëspoed op sy ergste ook byderhand. Brandsiekte breek uit wat die getal verbasend uitdun, en dan "pla die vee party keer so om somaar te vrek van armoede" se die ou-mense. Die huisgesin word groter, die ouere kinders het meer gevorderde onderwys nodig; hoe en waar dit verkry? 'n Vriendelike aanbod vir ondersteuning word uit eergevoeligheid beskeie afgewys. Tog word in 'n sekere mate voorsien. Meesters is skaars, so skaars dat menige ouer enige persoon maar huur wat kan lees en skryf om die kinders voor te sê, en te laat les opsê en so touwys te maak. Op 14-, 15-jarige leeftyd moet ou-meester se kindertjies ook al Meester speel om al onderwysende by hulself verder te leer en deur eie ondervinding hulself te bekwaam. Waar dit aan lektuur vir "selfhelp" so te sê heeltemal ontbreek het, word dit ten dele vergoed deur gedurige ouderlike en meesterlike raad, voorligting en vermaning, deur korrespondensie, of mondelings by hulle tuiskoms. Net soos Pa skaf hulle ook veediertjies aan. Alles word saam met die bietjie geldjies tuis verantwoord. Elkeen het wel sy eie goedjies, maar alles hoort tog maar aan Pa en Ma en is ons almal sin saam. Die jong meestertjies moet hulle tog nie verbeel iets te wees nie, en meesteragtig voorkom nie, maar moet hulle teenoor Oom en Tante by wie hulle tuis is en alle ou mense beleefd en gedienstig gedra. Nege van die tien kinders het vir langer of korter tyd skool gehou, ook die susters moes maar, soms teen wil en dank gehoor gee, die aandrang was te sterk.

Ons kinders en kindskinders mag hieroor lag kry, maar glo my, die seën van die Here het ver bo verdienste op hierdie geringe arbeid gerus, ook vir die meestertjies self, geestelik en sedelik nog meer dan stoflik. Ek herinner my nie die gebruik van die gesegde: Arbeid adelt, in ons ouderlike huis nie, maar kan dit getuig dat, was dit nie dat Pa en Ma ons geleer het om eie hande na enige werk binnens- sowel as buitenshuis uit te steek en hoof en hart daarby te gebruik nie, daar maar weinig van ons tereg sou gekom het. Hulle lering was: Vra nie in die eerste plek wat julle verdien nie, maar of jul werk deeglik is. In daardie dae al het ons ouers ons opmerksaam gemaak dat die onderskeiding tussen witmens- en kafferwerk vir die Afrikaners ongelukkig is; Ons moes nie daarop staan om basies en nonnies te wees nie, maar altoos beleefd wees teenoor outas en ajas, terwyl ons ons altyd op ons plek moes hou teenoor strooisbewonertjies, en nie somar met enige witmenskind onverskillig te nou bevriend raak nie.

### *Steynsburg se Kerkskool*

Ook die Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie het van sy stigting af behoefte gevoel aan Christelike Nasionale onderwys, wat aansluit by die kerk- en volkslewe. Jammer dat weens gebrek aan inisiatief van die ouers self, die dorp- en wykskole so onder die Kerk se amptelike toesig moes staan. So het Ds. M. P. A. Coetsee Jnr. met sy Kerkraad hom dadelik beywer om in die pas gestigte gemeente en pas aangelegde dorpie, Steynsburg, 'n skool aan die gang te sit. Teen wil en dank wou hy Pa daar hê, wat by toenemende swakheid die plaaslewe verkies, en baie huiwerig die taak aanvaar om as onderwyser die veelbelowende (?) onderneming te help deursit. Pa moes sy boerdery maar op die beste wyse van die hand sit, om van Grootvlei, Middelburg, sy trek te maak na sy laaste verblyfplek op aarde, Steynsburg, waar hy vir die eerste maal in sy lewe 'n eie woning betrek; met die bou waarvan sy ou meester Quik hom 'n baie hartlike gelukwensing gestuur het.

Die skool het maar te gou geblyk 'n gewaagde onderneming te wees, waar gehoop was dat dit aan alle eise sou voldoen en in enige behoefte voorsien. Vir Pa, wat alleen kom te staan voor 'n ongeordende honderdtal kinders van verskillende leeftyd en vordering was dit byna onbegonne werk om die skool behoorlik in te rig en te klassifiseer. Sy kinders moes maar help so goed as hulle kon. (Ek was nog maar in my sewende jaar toe ek 'n groot dogter die abc moes voorsê.) Vir die Skoolkommissie en Kerkraad was die uitslag gou teleurstellend, wat moes uitvind dat die waarborglys maar onvertroubaar was en weinig kon gereken word op betaling van skoolgelde en gereelde skoolgang op die duur. Baie onaangenaamheid het ook voorgeval in verband met die aangegane kontrak. Nuwe planne, nuwe onderhandelinge, maar **....** resultaat, dat Pa 'n skoolkamer by sy huis laat aanbou, om dan maar die beste van die saak te maak met sodanige ondersteuning as wat verkry kon word. Dog alle tekens wys maar heen op uitloop. Wat dan? Met 6 of 7 kinders nog in huis, waarvan die jongste, Truitjie, alleen in eie woning gebore is; sou Pa nou verplig wees om sy besitting maar weer van die hand te sit en op 'n manier weer gaan swerf?

*Die Here sien en hoor!*

Die firma Close van Middelburg open 'n takbesigheid op Steynsburg en huur die pasgeboude skoolvertrek wat verder aanbou nodig maak. Dit verseker tog 'n bietjie inkomste vir onbepaalde tyd. Maar dit, saam met privaatles gee, af en toe verdienstetjies van ouer kinders, selfwerk, besuiniging tot die uiterste toe, kon op die duur nie behoorlik voorsien nie. Die winkelbesigheid word wel groter, maar hoër huurgeld is dan ook ten koste van verder aanbou. Dit gaan so aan totdat Pa beide woonhuis en winkelgebou verhuur en die huisgesin 'n aanbousel van vier kamertjies met kombuisie gaan betrek.

Die drie oudste seuns is al enige jare op hul eie; susters Klaartje en Annie meestentyds van huis om op buiteplase skool te hou. Die vyf jonger kinders moes al vroeg die voorreg van gereelde skool by Pa mis, maar kry van tyd tot tyd enige vergoeding deur die staande en vallende Engelse publieke skool by te woon. Reeds op 12-jarige leeftyd moet broer Izak uitspring, om aan die gang te kom en iets te leer, en word winkelklerk sonder om iets noemenswaard te verdien. Hy moet homself maar verder self bekwaam deur eie studie en sodanige hulp en leiding as wat Pa hom saans nog kan gee. Verder is selfwerk en besuiniging maar die orde van die dag. Pa kan nie ledig wees nie en hou dus 'n paar uur op 'n dag skool vir kinders wat kom, met of sonder enige vergoeding. Ook maak hy van albei kerke se "aannemers" klaar vir belydenis. Gewoonlik het hy ook `n paar musiekleerlinge. Hierdie jaar van "sukkelgang" het baie swaar op Ma geweeg, wat o.a. nog haar bes doen om die drie jongste dogtertjies vir huis- en handwerk te bekwaam. Ek sien nog hoe Ma hulle drie uit haar Franse boekies vertel of voorvertaal in haar Hollands-gekleurde en Vlaams-getinte Afrikaans. Dan hou die kleine Truitjie wat op haar knietjies voor Ma sit maar net aan: "En toe Ma, en toe Ma?" Ag, die liewe Moeder, dit was dag en nag maar vir haar: „Toe Ma“

Wat gesterk en getroos het was die gereelde huisgodsdiens, vroeg in die môre en saans, of dit nou al in die voorhuis of in die slaapkamer plaasvind. Die kinders lees om die beurt of een lees voor, en wanneer Pa self nie kon voorgaan nie, doen Ma die gebed, en as sy dit ook nie kan nie deur Pa by te staan, dan moet een van die kinders "Onse Vader" opsê.

### *Weer in verleentheid*

Die jaar 1881 loop af. Die winkel wat al een en ander maal van eienaar en bestuurder verwissel het, word uitverkoop en die huur word opgesê. Dit is baie ongemaklik as jou eiendom in jou pad is. Op 'n onseker huurder kan nie gewag word nie .. Verkoop? Ja, maar teen watter prys? En dan 'n kleiner woning okkupeer en die kapitaaltjie uitleef? Aan skoolhou soos vroeër van nie meer te dink nie. Dalk dan nog op liefdadigheid teer? Mense in die oë kyk om brood? Die Here verhoor weer.

### *J. C. van Rooy en Kie*

Ma kry 'n gedagte as by ingewing en kom voor die dag met die plan: Ons gaan

self 'n winkeltjie begin. Iets is beter dan niets. Ag liewe tyd! hoe dit aanlê? Daar is tog nog waarborg om 'n begin te maak. Pa kan darem nog toesig hou op sakebeheer en korrespondensie doen. Ma het in haar jong dae in Brussel ook wel agter die toonbank gestaan en sal dit met Gods hulp op 47-jarige leeftyd weer onderneem. Suster Annie kom tuis van skool hou, en neem die huishouding waar, (suster Klaartje was toe al getroud.) Izak is al 16 geword met 'n jaar of vier ondervinding as winkelklerk. Koos kan ook al 'n helpende hand bysit, so bietjie by alles, al moet hy dan maar sy skoolwerk ten dele by die toonbank klaarmaak en op 'n Vrydag uit die skool bly. Die jongste dogtertjies kan hulself ook al goed help. Die oudste kinders kan miskien ook af en toe al met raad en daad bystaan ens. Dus alle werk in die winkel, huis en tuin doen ons self sover kragte toelaat. Mooi geredeneer, maar kan die onderneming ook so wel slaag? Want waar, hoe en vir hoeveel inkoop? Sal so 'n klein begin met weinig profyt in die lewensonderhoud voorsien? Maar die paadjie word oopgemaak. Broer Henri kom neem Ma en Izak na Pa se ou vertroude en vertrouende vriend Close se besigheid op Middelburg waar hulle van sy voorraad eers oorneem en deur wie se bemiddeling die weg geopen word na handelaars in die Baai (Port Elizabeth).

Op 2 Januarie 1882 dagbreek begin Ma en ek skoonmaak en uitpak, terwyl Izak tot Pa se groot ontsteltenis siek lê deur gevatte koue, maar gelukkig in 'n paar dae so herstel dat hy kan help opknap. Enkele vriende is dadelik simpatiek en ondersteun; ander kyk die sakie maar eers so van tersy aan, onvriendelikes lag oor die onderneming en kwalikgesindes spot ook wel, dog ons hou uit! Pa korrespondeer vanuit sy slaapkamer, soms van op sy bed. Ma, as daar bietjie tyd oor is, gebruik dit om poppe mooi aan te trek, en vrouenshoede op te maak na iedereen se smaak. Izak "does the management" en "drives the business", en ek sit maar na onervarendheid hande en voete by.

Binne twee jaar was die vooruitgang darem al so dat meer assistensie kon verkry en ook my plek ingeneem word sodat ek na Burgersdorp kon gaan vir studie, om dan in die vakansies bietjie by te spring. Reeds al word kompetisie-maatreëls aangewend om die jongste mededinger uit te druk. Die sterkes kan tog langer uithou, daarom "cut the prices" van die nodigste koopware selfs tot onder kosprys om maar die mense terug te lok. Nou gaan dit smoor, maar nog nie kop-onder nie. Daarenteen word dit in 1886 nodig dat broer Charles, wat ook al jare besigheidsondervinding opgedoen het by Nissen Bros. en bestuurder was van die besigheid van M. M. Venter L.W.V., van Burgersdorp oorkom. Sy bekwaamheid en ondernemingsgees as handelaar het baie getel by broer Izak se noukeurigheid en versigtigheid as boekhouer. Die twee broers moet my tog maar toelaat dat ek hulle name, ja, namens die familie van Rooy, met erkentlikheid noem.

Ongetwyfeld was daar naywer by kwaadwilligheid in die spel toe op 'n Krismis- of Nuwejaarsmôre bevind word dat die winkel se deure, vensters en mure met koolteer betakel is. Die belediging kon sommige vriende nie uitstaan nie, en hulle dring op regterlike vervolging aan; maar daar wil Pa nie van hoor nie, dog vermaan maar tot verdraagsaamheid. En hier is, op treffende wys, goed uit kwaad gebore, want toe

stroom die boere eers na ou Meester se winkeltjie toe, sodat afgunstiges seker maar bly was toe die goedkoop koolteeradvertensie uitgedien en die teermerke verwyder was. Die besigheid neem so toe dat broer Jan en swaer Louw Pretorius 'n tydlank hulle boerdery prysgee om by te spring. Intussen is suster Annie ook getroud en kon Ma haar terugtrek terwille van haar huishouding, en tot meer gerief vir Pa in sy kamer, waar asma en rumatiek hom meestentyds gekluister hou. Daar kon hy hom nou meer onledig hou met lees en skrywe en bietjie onderrig nog aan die jongste kinders en kleinkinders. Onbesorgd wat die tydelike betref, kon Pa nou sy tydjie om ontbonde en by die Here te wees, afwag. Selfs het hy nog weer hoop om, en dit meer terwille van Ma, 'n besoek aan die Vaderland te aanvaar waarheen 'n sterk verlange weer lewendig geword het, maar dit was hom nie gegun nie, omdat iets beters hom gegun was, waar hy nog veel sterker na verlang het, naamlik die Hemelse Vaderland, waarheen hy verhuis op 24 Januarie 1889. Sy leeftyd van 64 jaar was dus om die helfte verdeel tussen die Nederlande en Suid-Afrika.

Die besigheid is na Pa se dood voortgesit op Ma se naam met broers Charles en Izak as bestuurders en is nie alleen 'n winsgewende saak geword vir Ma en hulle twee nie, maar kon ook dien om van die ander kinders tegemoet te kom tot bevordering van hulle eie ondernemings. Voor die Brits-Boere-oorlog kon Ma selfs’n deel van haar kapitaal uitdeel onder die tien kinders, wat vir elkeen baie gehelp het om bietjie op die been te kom. Na die oorlog eers is die oormakingsplan deurgesit op die twee besturende broers, wat vennote gebly het tot end van 1909, toe broer Izak die hele besigheid oorgeneem het en aangehou het tot sy afsluiting in Desember 1933, nadat hy 52 jaar daaraan verbonde en daarby gebonde was.

Wie het by die aanvang van die winkeltjie ooit kon dink dat J. C. van Rooy en Kie. so 'n geskiedenis sou maak? Die Here het hom nie onbetuigd gelaat en Pa en Ma se geloof is nie beskaamd geword nie. Dit was hierdie onderlinge vertroue gepaard met persoonlike verantwoordelikheidsgevoel, hierdie vereniging van werkkragte en saamvoeging van middele wat onder die seën van die Here die behoud was van die steeds aanwassende familie. Daar was onbeperkte vertroue in mekaar se opregtheid en eerlikheid met bereidwilligheid tot tegemoetkoming en helpmekaar op gesonde besigheidsbeginsel. Wie minder bevoorreg mog wees, het die ander sy bietjie voorspoed van harte gegun. Vrug van Pa en Ma se eg-Christelike opvoeding. Valsheid en afskepery het hulle hartgrondig gehaat; waarheid het hulle lief gehad; reg moes geskied; waar skuld gemaak moes word, moes daar redelike uitsig wees op terugbetaling of verrekening, geen waag of onderneming op moontlike verlies vir 'n ander nie.

## *By 'n Terugblik op Pa se lewe*

Hoe dikwels het ook by ons, kinders, die vraag opgekom: As sy lewensbestemming en lotsbeskikking anders, die teenoorgestelde sou gewees het? Met dieselfde gemoedstemming en wilskrag, aanleg en toeleg, dieselfde gawes van verstand en hart? As daar voorspoed was in plaas van teëspoed,

vermoë pleks van behoeftes, gesondheid en nie krankheid nie; as daar dan opening was tot inrigtinge wat bekwaam het en poste wat winsgewend was? Om te vra hoever Pa dit dan sou gebring het, is natuurlik ydel spekulasie. Baie beter kan 'n mens jou voorstel wat dan nie sou gebeur het nie. Hy het bv. sy vader geleef en goeie sake gemaak tot hyself sou optree, dan het alles daarheen gewys dat hy 'n Rooms-geestelike, priester of onderwyser geword het.

Neem uit sy lewenservaringe weg daardie besondere opleiding na Gods voorsienige bestel onder Quik en ander, waardeur hy kenner van Gods Woord, opreg gelowige, ware Christen, oortuigd Gereformeerde protestant en so 'n lewenslange getuie vir die openbaringswaarheid geword het, - sit opsy al daardie jare van geloofsstryd en geloofsleed, wat sou dan daardie bekome godsdienstige skat vervang, daardie sielsrykdom vergoed het? Dan was ook ons Moeder uit sy lewe en lot weggelaat; en, so iemand, wie sou haar plek ingeneem het? „Wie, as dan allerhande kruis en tegenspoed van wege de zonden den gehuwden toegekomen was"? Dan, dit spreek vanself, was daarvan ons hele familiegeskiedenis niks nie.

Nee, ons mag die Here geduriglik dank vir die stuur van sy gang, dikwels so geheel anders as wat Pa die weg bedink het, oor Brussel heen, om Ma saam met hom te neem. Veronderstel dat ons ouers in Holland bly woon het, hoe misplaas sou Pa hom gevoel het in diens van neutrale staatsonderwys! Watter sorgvolle bestaan daarenteen, as hy sy lot moes inwerp met die vrye Christelike skole! Nee wat, ons kinders is tot vandag toe nog bly dat die roepstem na Suid-Afrika opgevolg is; hierheen, waar nog soveel vrye beweging is oor die wye velde, waar vakgenote mekaar nog nie oor 'n possie hoef te vertrap nie. En hier in Suid-Afrika? As Pa die maklikste weg sou gevolg en direk geding het na die voordeligste betrekkinge? Sou dan die dodelike swakheid van Ma die eerste jare nie verhoed en die daaropvolgende martelende krankheid van Pa nie voorkom kon gewees het nie? Sou die kinders dan nie veel beter kanse gestaan het om in geskikter omstandighede en deur bekwamer voorbereiding meer eervolle en winsgewende professies to bekleë nie?

Die moontlikheid was by die aanvang nie uitgesluit nie. Dog wie sê dat op 'n geluk- en voorspoed-belowende loopbaan later nie ook mislukkinge kan voorkom nie? En sou dan die kwaaie met die goeie dieselfde geestelike vrugte gedra het om in te oes vir die onverganklike lewe? O, wie weet hoeveel versoekinge het Pa en Ma se sware beproewinge ook van die kinders weggehou? Ongetwyfeld het dit die kinderspiere gestaal vir die spanninge van hul later lewe.

Terugsiende oor Pa se lewe en lettende op die uitkoms aan die einde daarvan, moet ons sê: God is regverdig in al sy weg en werk. Ons moet dan aanbiddend neerbuig voor die Godswoord, Jesaja 55:8,9. "Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie," spreek die Here, "want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë, en my gedagtes as julle gedagtes." Pa was 'n geloofsgetuie wat sy kruis daeliks

opgeneem en agter Jesus gedra het. Was sy aktiewe lewe liggaamlik in bande geknel, sy passiewe lewe, geestelik, was die van iemand wat gestaan het in die vryheid van Christus.

*Sy Godsdiens:* Te wandel met 'n vrye gewete voor God, deur die Heilige Gees gebind aan Gods Woord. Daarom was hy Gereformeerd, daarom het hy verkies in Suid-Afrika sowel as in Holland, om hom by die "afgeskeidenes" te voeg, hoewel juis daarom ook die kerk uiterlik en institutêr by hom sekunder was. Hy was baie gesteld op „die gemeenskap van die Heiliges", insluitende ook die gelowiges van ander kerke.

Soekende die diepere eenheid van gees en geloof, het hy nooit geskroom nie om uit te kom waar hy mog verskil van sy medekerklede. Graag het hy gelowiges ook uit ander kerkgenootskappe, Hollands, Engels, Frans ontmoet en met hulle saam gelees en gebid. Dikwels het Pa sy kinders geneem of gestuur na ander kerke se dienste en sondagskole (sonder prysgewing van sy eie kerk s'n) om dan met ons te praat oor wat gehoor is, dit ons kon leer onderskei. Hy was dus onbekrompe beginselvas.

Dieselfde kan ook gesê word van sy strenge opvatting van die sedelike lewe: gesteld op reine sedes en goeie maniere, maar nooit kortsigtig omtrent gewoontes, gebruike, kleding ens., nooit mode gekneg nie. Dit was ook die geval in kwessies van taal en nasionaliteit.

Ruim en openhartig kon hy met alle mense omgaan, en meegaan, maar dan ook geen stap verder as wat geloof en belydenis toegelaat het nie. Op die skeidslyne was die drade styf en dig gespan. Ook vir sy kinders in die ouderlike huis. Om dit alles koester ons lewenslang 'n dankbare nagedagtenis aan ons so geëerde en geliefde vader.

### *Vyftien jaar en sewe maande weduwee*

Hoe leeg die hande nou! Geen krankeverpleging in die nag meer nie; geen noodsaak meer om die hele dag deur so besig te wees nie. Die Here het voorsien met lewensmiddele. Die drie jongste kinders, dogters, Pauline, Frederika en Truitje kan hulle self help en die huishouding grotendeels uit Ma se hande neem. Die jongste sustertjie is al 12 jaar. Die ander twee het op aandrang weens skaarste nog van onderwysers selfs 'n tydjie gaan skoolhou. Broer Izak is tuis die werksame krag om met vertroue op te leun. Drie getroude kinders woon naby haar op die dorp, altoos byderhand - Ma kan maar net haar wens laat hoor.

Sal sy nou maar handjies-oor-mekaar agteroor op die sofa of leuningstoel die tyd verdroom? In heerlike niks doen op die stoep die omgewing waarneem? Die tyd verdryf met ligte lektuur en prentjieskykery? Nuusgierig geselskap soek en praatjies maak? Moenie glo nie! Wel kon sy rustiger en tydsamer wees maar tog bly sy altoos aan die gang. Sy het meer tyd, ja, maar nou lees en skryf sy ook meer, en haar handwerk, hoewel nie meer met so vlugge vingers nie, hoef nie af te breek nie, want daar is soveel meer mense, groot en klein, vir wie sy kan knip en hekel en brei. Sy kan ook nou soveel meer tyd gee aan Gods Woord en ander

stigtelike lektuur.

Maar jarelange gewoonte word nie gou afgewen nie en na Pa se dood word Ma gekwel deur slaaploosheid en is die nagte langer dan ooit in haar eensaamheid. Haar siel is welgetroos; daar lê dit nie aan nie. Sy smaak geloofsvrede in salige gemoedsrus. As sy haar oor iets mag kwel, dan sou dit wees besorgdheid oor die geestelike en stoflike welstand van haar kinders.

Tog is daar nou iets wat haar aandryf tot haastige handeling; 'n sterk verlange groei by die dag aan en haar hart sê dit is tyd om daaraan te voldoen. Ek meen dit was die dag volgende op Pa se begrafnis dat 'n lang brief van Tante Leonie aangekom het met nuus van Ma se Vader en ander familielede in Europa. In die verre land vanwaar sy uitgegaan het om haar oorlede man te volg leef haar vader nog. Hy is al 80 jaar geword na haar afwesigheid van 32 jaar. Ook leef nog al vier haar eie susters en een van die twee broers wat nog so jonk was met haar vertrek. Daar het nou bygekom 'n stiefmoeder en vier halfsusters met hulle broer, die jongste. Sy moet hulle nou gaan sien en dit kan gebeur. Die floue hoop wat Pa en Ma die laaste paar jaar saam gekoester het, maar wat in sy geval onvervuld moes bly, het by haar nou plaas gemaak vir 'n skoon vooruitsig. 'n Gebeurtenis wat so 'n groot verandering sou meebring was dan ook bepaald nodig vir liggaam en gees.

"'Ja, Ma moet nou gaan", sê al die kinders en: "ek gaan saam", sê elkeen van hulle van harte so nie met die mond. Dit kan natuurlik nie. Maar, dat Izak moet saamgaan, spreek vanself; hy kan daarvan meteen 'n besigheidstoer maak. Dat suster Clara Ma moet geselskap hou, is onteenseglik - daar is geen kindertjies wat dit bemoeilik nie, en laat swaer Louw dan maar sy eensaamheid betreur na genoeë. En Fritsie moet ook saam, want .... sy is mos Mama se kindjie, né, en o ja, haar ou Peet tante Quik sal haar seker wil sien. Ons ander sal maar getroos agterbly op uitsig na reisberigte en in afwagting van hulle tuiskoms om te vertel hoe die familie oorkant die seewater lyk.

## *Die eerste besoek aan die familie in Europa*

Wat nie al by die klaarmaak daarvoor nodig gevind is nie! By die opknapping kom ook te pas bietjie ekstra oefening in tale: jy moet tog 'n bietjie "Hoog Hollandsch kunnen spreken", effens kan antwoord op "parlez vous Francais", om nie eers te praat van die onmisbare "speak-English" nie. (Met die terugkoms kon die deelgenote aan die toer darem bietjie "shaw-off" by die tuisgeblewenes.)

Eindelik is alles gereed en die dag bepaal vir vertrek na Kaapstad om die skip te vang. Van Steynsburg na Leeufontein (later Rosmead) moet dit met perdewa en kar gaan. Ouboet is die vorige namiddag al by met sy veerwaentjie, want môre moet hulle vroeg laat vat. Ds. Jan Lion Cachet, nou al vyf jaar op Steynsburg die leraar, huisvriend en raadsman van die familie, bring 'n afskeidsbesoek en knielend word vertrekkendes en agterblywendes aan die veilige hoede van die almagtige en alomteenwoordige God opgedra.

*Die afskeid hier.*

Twee-en-dertig jaar het wel al 'n groot verandering teweeggebring; tog was so 'n reis nog maar 'n onderneming heelwat meer gewaagd as vandag. Tot outa Jakob, die getroue jong, word met die hand gegroet. Vroeg in die môreskemering verdwyn die rytuig uit die gesig. Au revoir, ma mère !

*Die ontmoeting daar.*

Oupa Holsters het dit so gereël dat alles wat vir die vreemde publiek opsienbarend of by druk verkeer hinderlik kon wees vermy sou word. Die ontvangs moes in die ouderlike woning wees. 'n Buurman sou oplet as die familie uit die vreemde voor die deur stilhou, hulle binne die portaal bring en die ou vader op die verdieping van die aankoms verwittig. So gebeur dit dan ook en buurman ewe verleë verdwyn as die voetstappe hierbo gehoor word. Moeder en kinders onder in die gang kyk op en bo aan die trappe verskyn 'n grysaard. "Kinders, dit is Oupa! ...“

Die hernieude en nuwe kennismaking, die besoeke ontvang en afgelê; wat alles uit die ver verlede en van later ervarings gedurende 32 jaar te vertelle was, laat sig beter dink as beskrywe.

Behalwe die nabymekaar wonende Brussel-familie kon Ma ook haar suster, Felicie Poisat op Bordeaux (Frankryk) gaan besoek en Frederika gaan voorstel in Holland aan die Tante Frederika Quik, reeds 87 jaar oud, 'n paar weke voor haar afsterwe, wat so verlangend uitgesien het na hulle koms. Ook kon Ma die weduwee van Andel nog gaan groet. Drie weduwees van die drie intieme vriende van vroeër - nou in die Here gesterwe.

Vir die kinders van die familie in Europa was dit baie teleurstellend dat die neef en niggies uit Afrika nie so swart as alle negers was nie.

'n Paar maande, en andermaal word van die dierbares in Europa afskeid geneem om dankbaar die terugreis te aanvaar. Ja, die terugreis nou en nie soos vanmelewe die heenreis na Suid-Afrika nie; want daar waar haar kinders woon op die Suidelike halfrond van die aarde, daar is nou die nuwe vaderland. Europa, Nederland, Vlaandere, hoe is alles verander! Brussel is glad nie meer die stad van haar jeug nie en selfs onder die familie sal sy haar op die duur nie meer tuis kan voel nie. Andermaal word van die dierbares afskeid geneem, hierdie keer in die sekere gevoel wat hierdie lewe aangaan dat vir goed gegroet word, met 'n Adieu.

*Vir goed?* Wie kon toe vermoed dat tien jaar later die oorlog teen Brit en Boer teweeg sou bring dat Ma, broer Izak en familie, broer Charles, swaer David du Plessis en gesin, daarheen uit sou wyk terwille van, sê maar, 'n vakansie vir rus en vrede? "Die mens wik, maar God beskik". Van die susters daar kon Ma toe nog weer besonder noue omgang hê met Tantes Felicie en Josephine (Fina), 'n geleentheid waarvan sy goed gebruik gemaak het vir geestelike gesprekke oor die Woord van God en die suiwere belydenis van die geopenbaarde waarheid. Veral innig was die onderhoud met haar suster Felicie, moeder van swaer Paul. Terwyl Ma bekommerd was oor die suster wat Rooms geword het, was die suster weer

besorgd oor haar seun wat hier by sy Tante (later skoonmoeder) Protestant geword het.

Met Tante Fina is opnuut 'n innige liefdeband geknoop en sy het van die tyd af die konneksie vasgehou met Ma deur korrespondensie, solank as Ma geleef het en later nog met ons deur briefwisseling met suster Clara en swaer Paul. Die liewe Tante is eers in 1934 op 92-jarige ouderdom oorlede en waar sy ook kinderloos heengegaan het net soos Tantes Pauline en Marie, het ook die neefs en niggies in Suid-Afrika in aanmerking gekom as erfgename. Haar goedhartigheid het in haar lewe uitgekom in haar mededeelsaamheid. Albei kere as Ma van Brussel teruggekom het was dit met presentjies van Tante Fina.

Dit alles hoort nou tot die verlede. Wat van die verwantskap oorgebly het, leef nog na in Suid-Afrika in die name van Pa en Ma se kinders: Henri, Charles, Clara, Annie, Pauline en die kleinkinders: Gustave, Simon, Josephine, Marie, Leonie.

### *Nou eers weer terug na die tyd van Pa se oorlyde in 1889*

Die vyf oudste kinders was toe al getroud. Henri (1874) met Hester Coetzee, Dist. Middelburg; Charles (1877) met Susanna Smit, Dist. Burgersdorp; Jan 1880 met Aletta Smit, dist. Burgersdorp; Klaartje (1879) met Louw Pretorius, dist. Steynsburg; Annie (1884) met Wicus Coetzee, Reddersburg. Gedurende Ma se verder lewe is ook die ander vyf getroud: Izak (1895) met Annemie Lion Cachet, Amsterdam, Nederland; Koos (1892) met Brechtje Postma, Burgersdorp; Pauline (1894) met Paul Poisat, uit Frankryk; Frederika (1895) met David du Plessis, dist. Colesberg; Truitje (1898) met Philippus Snyman, Venterstad. Met Ma se afsterwe was al twintig nog in lewe.

Hoe swaar Ma en Pa ook al beproef is, die droefheid van kinders na die graf te dra is hulle gespaar. Die 15 jaar van Ma se weduweeskap het sy vir die grootste gedeelte deurgebring in saamwoning die eerste tyd met Izak in die ouderlike huis en die laaste jare by Pauline aan huis, op Steynsburg, onderbreek of afgewissel met besoeke of verblyf vir korter of langer tye ook by die ander kinders. Watter genot was dit vir ons, kinders, om Ma 'n tydlank by ons te hê; watter troos in die dae van kommer en sorg, van ernstige krankheid! Wie van ons dink nie terug aan daardie geleenthede toe met haar geruislose voetstappe ook stille seëninge onse woninge binne gekom het, haar weinige woorde gemoedsrus, haar eenvoudige opregte gebede vrede in die siel gebring het? Die kleinkinders wat haar geken het onthou seker nog hoe hulle die hande moes oophou vir haar toe-hande en mooi toehou as sy haar hande in hulle sin oopgemaak het, toe hulle nog klein was. Toe hulle groter geword het, kon hulle Ouma al hoe meer waardeer om wat groter betekenis had dan mooi en lekker presentjies.

Terwyl ek dit skryf, einde 1936, leef nog broers Henri (81 jaar) Charles (79), Jan (77), Izak (71) om te kan vertel van Ma se omgang met hulle op Steynsburg, Roosterfantein, Wonderboom. Ons reeds oorlede susters: Truitje († 1919, oud

42) het die voorreg geniet op Burgersdorp en Steynsburg, Klaartje († 1935, oud 74), wat het dit vir haar nie beteken om Ma so by af naby haar te hê op Steynsburg, Waterval en Teneriffe; Pauline († 1934, oud 63) wat Ma se hulp so gewaardeer het op Reddersburg en Johannesburg en by wie in huis op Steynsburg Ma oplaas oorlede is, wat het sy daarna nie ontbeer nie in 'n tyd van liggaamlike uitputting en geestesverswakking? Susters Annie (reeds 73), en Frederika (63) leef nog om te kan vertel van Ma se geseënde invloed in hulle wonings op Philipstown en Middelburg. In lewendige herinnering van skrywer staan Ma van Rooy saam met Ma Postma as liefdevolle verpleegsters by die beddens van hulle pas getroude kinders, Koos en Brechtje, toe 'n hewige koorssiekte hulle geliefde dogter veral bedreig het en die skaduwee van die dood so nader en nader geskuif het. Onvergeetlik haar later besoek aan ons op Nylstroom, toe sy aan ons moes meedeel dat sy haar verplig voel om haar te onderwerp aan mediese ondersoek uit vrees vir kanker in die bors.

Ag Here tog, ons liewe Moeder! ook dit nog? 'n Operasie aan die moederbors wat tien kinders gevoed het; waarteen die hoof van haar man 27 jaar lank geleun het onder brandende en stekende pyne in bitter benoudhede!

Ja, dit was die wil van God dat die 19de eeu vir haar sou eindig en die 20ste aanvang met nuwe beproewinge. Maar met stille berusting en hartlike vertroue buig sy haar nogmaals onder die heilige Goddelike wil en Vaderlike beskikking. Haar hele houding getuig dat sy op haar gebed reeds die antwoord van die Here self gekry het: My dogter, wees welgemoed!

Die operasie het geslaag soos gewoonlik in dergelike gevalle, vir `n tyd waarna die kwaad dieper verborge deste kwaaier haar sou aangryp. Intussen breek die Brits-Boere-oorlog uit met al sy angste en node vir wie moeder is. Sy is mos die moeder van 'n spul rebelsgesinde kinders omdat hulle nie Brits van inbors is nie.

Het die van Rooy's dan nie die beste van die geleentheid gemaak om Duitse Mausers aan die Boere te verkoop nie? Andermaal word die vuur van jaloesie aangeblaas en nyd opgestook. Ma moet vir lief neem dat Kakie onder krygswet somar subiet die winkel instap, die sleutels opeis vir inspeksie na eiendomsreg; hoe hulle Charles in hegtenis neem tronk-toe, hoe Jan voor haar oë op straat verby gemarsjeer word van die tronk na die hof toe. Sensorskap word streng toegepas en alle vrye kommunikasies so te sê afgesluit.

Na 15 maande afgesny te wees agter in Transvaal was die eerste nuus wat ekself verneem het van 'n goedgesinde Engelse offisier wat 'n paar maande op Steynsburg gestasioneer was, dat Ma saam met 'n paar kinders uitgewyk het na Holland. Met 'n veelseggende glimlag voeg hy daarby: "and that long Frenchman Poisat has taken over the business." Op my nuuskierige vraag na my broers was sy antwoord net so gerusstellend as gereserveerd: “I suppose they are allright”. Andermaal het Ma se Godsvertroue nie beskaamd uitgekom nie. Nee, tot groter nydigheid van kwaadwilliges floreer die besigheid, omdat die Fransman handelsvoorregte en vryhede verkry onder krygswet meer dan die lojaalste

Engelsman. Nieteenstaande ekstra uitgawes, skades, hofkoste en boetes en allerlei beperkende en onderdrukkende maatreëls, waarop bestek nie toelaat om in te gaan nie, het die hele familie van Rooy vergeleke met baie ander daar besonder goed van afgekom. Tot verbasing van almal bv. is die beskuldiging teen Br. Charles teruggetrek wat volgens die regter, as dit teen hom bewys was, vir hom 15 jaar dwangarbeid kon beteken het. Hoe het die driejarige oorlogswederwaardighede van die hele familie nie, die moederhart gekwel nie! Dag en nag - O, ons wis dit! - was Ma by aanwesigheid tuis en in afwesigheid daar ver in Europa as Priesteres in haar geestelike heiligdom biddende vir haar talryke kroos. Weer het die Here verhoor en deur gevaar en leed heen alles ten goede gewend.

Ook my weggevoerde vrou met die kindertjies vind haar weg onder besonder bestel en leiding van God vanuit Transvaal na Steynsburg om by suster Pauline in die bekende ouderlike woning 'n toevlugsoord en in die winkel 'n voorraadskuur te vind; daar, waar toe gebore is die twee nefies Paul Poisat Jr. en Jacobus van Rooy Jr., wat met hulle koms die familie se getal oorlogskindertjies opgebring het van nege toe elf. Met Ma-hulle se tuiskoms uit Europa kon ons byna almal weer mekaar ontmoet en saam die Here dank vir sy onuitspreeklike gunsbewyse as Beskermer, Leidsman en Versorger.

(En toe Ouma uit haar handtas weer goedjies vir die kleinkinders te voorskyn haal, toe was daar van hulle Pa's en Ma's ook wat nader staan). Na die oorlog kon deur Gods genade elke gesin weer sy woning gaan betrek en sy bestaan maak. Ebenhaëzer!

Tog, onderwyl die donker wolke so oor ons hoofde heengewaai het, het Ma se lewenson vinnig na ondergang geneig. Dog hy skiet nog helder strale van liefdebetoon en weldoen uit, wat 'n wolkeboog van kleureprag laat sien agter die verbygetrokke stormweer. Intussen steek alweer 'n volgende wolkkolom van onder op wat dreig om die strale af te sny en die aandskemering te vervroeg van die naderende slaap van die dood. Minder dan twee jaar nog om mondelings en deur briewe getuie te wees van God se onwankelbare trou; vir milddadigheid, so sonder ophef of vertoon dat die persoonlikheid van die geefster steeds groter indruk maak en meer aantreklik bly dan die gawes. Broer Izak se diakenskap was 'n handige middel om haar kontak met die behoeftiges makliker te maak en haar op hoogte te hou met die stoflike belange van die kerk. 'n Enkele wenk en die volgende Sondag word 'n ronde sommetjie in die kollektebus by die kerkdeur gevind, toegedraai in 'n papiertjie met vermelding van die bestemming. Dan ook maar nie gegis na wat omgegaan het tussen haar Here met sy armes en haarself nie; daar hoef haar kinders selfs nie iets van te geweet het nie.

Een liefdedaad moet om sy rede en doel aan die kindskinders gemeld word. Ouma het mos haar lewenslot ingewerp met Oupa tot bevordering van sy lewensideaal: Christelike onderwys. Maar hoe was hulle altoos gestrem en gerem in die tog teen hoogtes uit! Dog na die oorlog was daar weer 'n opflikkering vir Christelik-nasionale onderwys, in die algemeen nie so seer uit beginsel nie as uit verset teen die gees van vreemde oorheersing oor ons volkseie. Ma se jongste

skoonseun, Ds. (later Dr.) Ph. Snyman († 1915, maar net 39 jaar oud) met medewerking van sy kerkraad en gemeente rig 'n vrye Christelike skool op Steynsburg weer op.

Broer Henri spreek met Ma oor die groot behoefte aan 'n losieshuis. Dit gee Ma die goeie geleentheid tot 'n hartlik begeerde dankoffer vir wat God haar in die laaste en naaste samelewing nog te geniete gegee het. Die som van £1000 word daarvoor opsy gesit. 'n Wenk om haar naam daaraan te verbind word direk van die hand gewys. Sedert daardie aanvang hoeveel goeie vrugte is nie ingeoes van al die Onderwys-inrigtinge op Steynsburg nie, waarvan waarskynlik niks tot stand sou gekom het was dit nie vir daardie inisiatief nie; al moet dit betreur word dat op die lange duur weer nie op die oorspronklike suiwere koers kon voortgestuur word nie.

Die bewussyn dat ook Ma eerlang van ons uit hierdie lewe gaan skeie stem ons droef te moede. Volgens die geneeshere sou na 'n paar jaar blyk of die operasie alle kwaad uit die liggaam verwyder het. Hoe lank nog sal Ma dit bietjie gemaklik kan neem en haar laat bring in haar eie doelmatige rytuig waar sy verkies om besoeke af te lê? Met die Sinode van Middelburg 1904 bevind sy haar by Frederika waar ek die voorreg had om ook tuis te wees en vir laas van haar geselskap te geniet. Op 'n dag neem ek ouderling Kamp, later Professor op Potchefstroom saam vir 'n koppie tee en stel hom onverwags aan Ma voor. Teruggaande na die vergadering merk hy op: 'n eerwaardige gryse moeder, wat 'n tipe tog van 'n welopgevoede Hollandse dame! As Prof. Kamp jare daarna nog weer van die ontmoeting ophaal, lewer dit 'n bewys hoedat 47 jaar van wat ons kan noem Suid-Afrikaanse veldlewe niks aan haar imposante voorkoms afgedoen het nie - al was dit geen Brussel-steedse houding wat sy probeer mainteneer het nie. Nee, hoe diep sy haar soms moes neerbuig in onderwerping aan haar moeitevolle lewenslot en soms haar hande moes uitsteek tot wat baas en nooi genoem het volk-se-werk, het sy daarby nooit haar selfrespek hoef in te skiet nie. Nederig tegemoetkomend gee sy aan die armste mens vrymoedigheid om haar te enige tyd te nader, terwyl sy die nou ook al in Suid-Afrika opkomende voorste "society" mense sonder skroom oor onderwerpe van betekenis kan te woord staan.

Met my afskeid van Ma daar op Middelburg laat sy haar rytuig voorbring om my ouderling saam met my na Rosmead te vervoer. Na 32 jaar sien ek haar nou nog so duidelik voor die deur staan om my die laaste groet toe te wenk by die omgaan van die hoek wat die weersien van hierdie lewe vir goed afgesluit het. En so dra vandag nog elke kind in lewe sy of haar eie tere herinneringe aan ons liewe moeder saam.

Ons het so begeer om Ma welvarend tot in hoë ouderdom in ons midde te behou. Het sy dit nie oor en oor verdien om deur haar kinders in die arms gedra te word nie? Waarlik, dit was ontroerend vir die kinderhart om te verstaan dat die dodelike kwaal inwendig met mening hervat het. Dit het spoedig ontwikkel om binne 'n paar maande die einde te bring. Onvergeetlik vir die kinders daar om die

legerstede, daardie laaste lydingsweek, daardie laaste sterwensnag toe hulle haar moes bystaan totdat die siel sy ontbinding uit die liggaam verkry het vroeg die môre van die dag van die Here, Sondag 28 Augustus 1904, en Ma mog ingaan tot die Sabbatsrus van die volk van God. Met moeite kon Ma nog aan broer Jan laat hoor van die genade aan haar bewys om nog so na die wil van God te mag ly. Ma, ook net soos Pa, moes heengaan in die swaarste benoudhede wat geen afskeidswoord of gebaar toegelaat het nie; maar vir ons was so `n sterfbedsgetuienis nie nodig nie. Ons ouers het gespreek tydig en gepas na mate hulle gees en liggaam gesond was.

Prof. Lion Cachet kon ook weer by Ma se begrafnis teenwoordig wees. Met die van Pa het hy laat sing Ps. 68:2,

> "Maar 't vrome volk in U verheugd
> Zal huppelen van zielevreugd
> Daar zij hun wensch verkrijgen ens."

Nou met Ma se begrafnis neem hy as trooswoord Ps. 4:9:

> "Ik zal in vrede tesamen nederliggen en slapen,
> want Gij, 0 Heere! alleen zult mij doen zeker wonen."

Daar op Steynsburg, waaraan vir die familie van Rooy soveel herinneringe met dankbare nagedagtenis bly - daar in die kerkhof is Ma naas Pa te ruste gelê. Daar is nou ook al begrawe swaer Flip en suster Truitje Snyman en hulle seun Johannes, wat met 'n motor op Heksrivier verongeluk het; ook swaer Louw en suster Klaartje Pretorius; verder suster Sannie, vrou van br. Charles en hulle vroeg gestorwe oudste dogter Lettie; ook 'n kindjie van br. Izak en suster Annemie. By besoek aan Steynsburg verwyl ons graag 'n stonde op die rusplaas van ons geliefde dodes om die gedagtenis te laat herleef aan die verbygegane sienlike dinge waaraan die mens, uit die aarde aards, gekleef het en vandaar die siel op te hef om in die gees die gesaligdes na te staar wat ons vooruitgegaan het. Die lewensbeelde van ons dierbare ouers rys dan voor ons op soos ons hulle op aarde geken het, maar die sielsoog kyk vorentoe na die groot dag van die Here, wanneer die ontslape regverdiges, die gelowige getuies in hierdie sondige wêreld, die roepstem van Jesus om te ontwaak sal hoor en uit die dode sal opstaan, om saam met al diegene wat die Vader aan Hom gegee het opgeneem te word in die ewige woninge wat Hy vir hulle berei het.

Vraag: Sal ons met ons kinders aan die hand eenmaal met ons liewe ouers die poorte binne tree van die stad wat fondamente het, waarvan God self die Kunstenaar en Boumeester is?

Antwoord: Ongetwyfeld, as ons dieselfde dierbare geloof mag ontvang het en gehoorsaam in dieselfde liefde wandel.

Deur die geloof aan God se Verbondsgenade met sy beloftes vir kinders en kindskinders het ons ouers aan ons die kinderdoop laat toedien; maar nie in vleeslike vertroue dat geestelike dinge 'n natuurlike erfgoed is nie. Daarom die Christelike opvoeding met gebed en danksegging, met liefdevolle uitnodiging en

vermaning: dat ons self God as onse Vader deur Christus sal leer ken. Laat ons en onse kinders dan van harte aanneem: God bewys verbondstrou, maar hy eis ook verbondstrou van ons kant. Laat ons dan gelowig bid: Here, gee wat U vra en neem wat U gee!

Byna 48 jaar gelede is Pa heengegaan; meer dan 32 jaar gelede het Ma gesterwe. 'n Talryke natroos is daar noual, verspreid oor Suid-Afrika, lewende van die vrug van die land waarheen hulle as vreemdelinge gekom het. Die derde paar tweelinge onder die kleinkinders is 'n paar uur na Ma se begrafnis gebore. Dood volg op geboorte, daarom sterf ook mensekinders weg. Maar geboorte volg ook op dood en daarom bly mensegeslagte ook voortbestaan. Ewig onveranderlik bly die God des Lewens, wat in die wedergeboorte onverganklike lewe gee en die nuwe mensekind tot openbaring sal bring by die opstanding van die vlees.

Die tweede geslag van die van Rooy-familie in Suid-Afrika se dae is haas almal afgetel. Die derde geslag dra al die groot verantwoordelikheid van die lewe vir huisgesin, kerk en staat; die vierde geslag word al vir die lewenstryd voorberei en selfs van die vyfde geslag kom al te voorskyn .....

"Laat u werk vir u knegte sigbaar word en u heerlikheid oor hulle kinders. En laat die lieflikheid van die Here onse God oor ons wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja die werk van ons hande, bevestig dit"  Ps. 90:16,17.

* * * *

N.S.-My dank aan broer Henri wat die korrespondensie van ons ouers en ander, saam met ons, nou ontslape, oudste suster Clara, so sorgvuldig vergaar en bewaar het, waaruit ek veel opgediep en waarby ek veel geniet het. Mag by verskeie van ons oues, neef Joon, soos afgesproke, alles in sy bewaring neem vir insage deur belangstellendes onder die nakomelinge.

J. A. VAN ROOY. Maart 1936